



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

JUNIE 2022

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye + 1 formuleblad en 'n antwoordboek van 10 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers word voorsien aan die agterkant van die vraestel.
4. Toon ALLE bewerkings aan om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, moet alle berekenings tot EEN desimaalpunt gegee word.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Leerders sal punte verbeur vir:
 - Die gebruik van nie gestandaardiseerde afkortings
 - Oorskryf van woorde en syfers
 - Oorbodige/vreemde items
10. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1.	Konsepte en Bankversoening	54	42 minute
2.	Konsepte en Krediteureversoening	34	28 minute
3.	Vaste Bates en Interne kontrole	62	50 minute
	TOTAAL	150	120 minute

VRAAG 1: KONSEPTE EN BANKVERSOENING**(54 punte; 42 minute)****1.1 KONSEPTE**

1.1.1 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK. (6)

1.1.1.1 Koste wat gehef word ten opsigte van EFO's, vorm nie deel van die bankkoste nie.

1.1.1.2 'n Kredietsaldo op die Bankstaat weerspieël 'n positiewe banksaldo.

1.1.1.3 Rente wat op die Bankstaat gedebiteer word, sal in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken word.

1.1.2 Beantwoord die volgende vrae:

1.1.2.1 Verduidelik aan Mabuto, die eienaar van Butros Traders, waarom dit belangrik is dat hy die Bankversoeningstaat aan die einde van elke maand opstel. Verskaf DRIE redes. (6)

1.1.2.2 Waarvoor staan die afkorting EFO? (2)

1.1.2.3 Noem VIER voordele van internetbankdienste. (8)

1.1.2.4 Jane, die boekhouer, is toegewys om alle EFO's te verwerk en te beheer. Gee TWEE redes waarom die interne ouditeur daarvoor bekommerd moet wees. (4)

1.2 BANKVERSOENING**BUTROS TRADERS**

Die onderstaande inligting het betrekking op Butros Traders vir die jaar geëindig op 31 Maart 2022.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die korrekte totale vir beide die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Maart 2022. **Let Wel:** Besonderhede word nie vereis nie. (11)

1.2.2 Stel die Bankrekening in die Algemene Grootboek op vir Maart 2022. (6)

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2022 op. (11)

INLIGTING:

- A. Die Kontantjoernale het die volgende totale vir die bankkolomme gehad op 31 Maart 2022, voordat die Bankversoening voltooi is:

Kontantontvangstejoernaal	R477 400
Kontantbetalingsjoernaal	R413 500

- B. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 28 Februarie 2022:

Saldo volgens Bankstaat	???
Uitstaande deposito	R84 700
Uitstaande EFO's	
Nr. 415 (28 Februarie 2022)	R6 000
Nr. 416 (28 Februarie 2022)	R28 500
Voordelige saldo volgens Bankrekening	R299 600

- C. Addisionele inligting met betrekking tot die Bankversoeningstaat op 28 Februarie 2022:
- Die uitstaande deposito van R84 700 het op die Bankstaat vir Maart 2022 verskyn.
 - EFO nr. 415 vir R6 000 verskyn op die Maart 2022 Bankstaat.
 - EFO nr. 416 verskyn op die Maart 2022 Bankstaat met die korrekte bedrag van R62 500. Die bedrag wat in die joernaal vir Februarie 2022 ingeskryf is, was verkeerd.
- D. Inskrywings in die Kontantjoernale vir Maart 2022 wat nie in die Bankstaat vir Maart 2022 verskyn nie:
- EFO nr. 480 vir R25 000. Dit was vir handboeke en 'n skootrekenaar vir die eienaar se seun.
 - EFO nr. 481 vir R18 000 vir herstelwerk aan die besigheid se voertuig.
 - 'n Kontant deposito vir die week wat eindig op 31 Maart 2022 vir R124 500.

- E. Inskrywings wat op die Maart 2022 Bankstaat van Alli Bank verskyn, maar nie op die Kontantjoernale vir Maart 2022 nie:

Datum	Besonderhede	R	Saldo
18 Mar	Debietorder 225 : Tee Versekeraars	- 34 000	212 000 (Kt)
18 Mar	Debietorder 388 : Taa Versekeraars	- 34 000	178 000 (Kt)
22 Mar	Ekurhuleni Munisipaliteit (EFO)	- 52 000	126 000 (Kt)
25 Mar	L. Naidoo (EFO vanaf huurder)	28 000	154 000 (Kt)
28 Mar	Delta Bank	96 750	250 750 (Kt)
30 Mar	Diensfooie	- 1 750	249 000 (Kt)
30 Mar	Rente	400	249 400 (Kt)

NOTE:

- Debietorder 225 was vir die besigheid se maandelikse versekerings premie aan Tee Versekeraars.
- Debietorder 388 verskyn op die besigheid se Bankstaat op 18 Maart 2022. Die besigheid het nie 'n versekeringspolis by Taa Versekeraars nie. Die bank het ingestem dat die fout op die volgende Bankstaat reggestel sal word.
- Die deposito vanaf Delta Bank was vir die vaste deposito van R90 000 wat verval het.

[54]

VRAAG 2: KONSEPTE EN KREDITEUREVERSOENING**(34 punte; 28 minute)****SEB'S SOUND CLINIC**

Seb's Sound Clinic is vyf maande lank in werking, vanaf 01 Januarie 2022. In plaas daarvan om 'n gekwalifiseerde boekhouer aan te stel, berei Sophia, die eienaar se vrou, die boeke van die besigheid voor.

Seb's Sound Clinic koop die meeste van sy klankbykomstighede by Big Music, hulle enigste krediteur.

GEVRA:

- 2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die konsep in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Oorspronklike faktuur	A	'n Opsomming van wat elke skuldeiser verskuldig is
2.1.2	Krediteure lys	B	Dokument wat op die Krediteurestaat sal verskyn om te herken dat foutiewe goedere deur die verskaffer aanvaar is
2.1.3	Debietnota	C	Bewys dat betaling ontvang is
2.1.4	Kredietnota	D	Dokument wat deur die besigheid aan die verskaffer gestuur word wanneer goedere teruggestuur word of 'n afslag verlang word.
2.1.5	Kwitansie	E	Dokument waarop alle krediet aankope aangeteken word

(10)

- 2.2 Verskaf TWEE redes waarom 'n Krediteureversoening opgestel word. (4)
- 2.3 Die eienaar van Seb's Sound Clinic is nie heeltemal tevrede met die diens en kwaliteit van die goedere wat van Big Music ontvang is nie. Hy dink daaraan om 'n nuwe verskaffer te soek. Noem DRIE faktore wat hy moet oorweeg voordat hy na 'n ander verskaffer verander. (6)
- 2.4 Sophia het 'n Krediteurvoorsiening op 31 Mei 2022 voorberei. 'n Ondersoek het baie foute en weglatings aan die lig gebring.

Voltooi die tabel in jou ANTWOORDBOEK om te wys hoe die foute en weglatings wat geïdentifiseer is, hanteer moet word om die Krediteuregrootboekrekeningsaldo van Big Music in die boeke van Seb's Sound Clinic te versoen met die staat wat vanaf Big Music ontvang is.

Dui 'n toename met 'n '+' aan en 'n afname met 'n '-' aan en 'n '0' vir geen verandering nie, met elke bedrag in die regte kolom.

(14)

INLIGTING:

- 2.4.1 Saldo verskuldig aan Big Music op 31 Mei 2022, volgens die Krediteuregrootboek van Seb's Sound Clinic. R42 794
Saldo op die Rekeningstaat ontvang van Big Music op 28 Mei 2022. R46 820

Foute en weglatings:

- 2.4.2 Big Music het aan Seb's Sound Clinic 'n korting van R67 toegestaan. Sophia het hierdie bedrag in die Krediteuregrootboekrekening van Big Music gekrediteer.
- 2.4.3 Faktuur 147 vir R8 890 is verkeerdelik as R8 780 in die Krediteuregrootboekrekening van Big Music aangeteken. Die Rekeningstaat het die regte bedrag.
- 2.4.4 Seb's Sound Clinic het bedrading vir R1 600 by Big Music gekoop. Hierdie inskrywing is weggelaat op die Rekeningstaat wat van Big Music ontvang is.
- 2.4.5 Sophia het op 28 Mei 2022 'n EFO betaling van R4 000 korrek in die Krediteuregrootboek van Big Music aangeteken. Dit verskyn nie op die Rekeningstaat wat ontvang is nie.
- 2.4.6 Sophia het 'n telefoniese bestelling by Big Music gemaak vir klankbykomstighede ten bedrae van R1 350 en het dit dadelik in die Krediteuregrootboekrekening van Big Music aangeteken. Hierdie transaksie het egter nie op die Rekeningstaat wat ontvang is, verskyn nie. Daar is ook vasgestel dat hierdie items nie afgelewer is nie en dat Big Music nie voorraad het nie en dat hulle nie in die nabye toekoms voorraad sal kry nie.
- 2.4.7 Sophia het op 31 Mei 2022 'n EFO betaling van R2 840 en 'n korting vir vroegtydige betaling van R160 korrek in die Krediteuregrootboek van Big Music aangeteken het. Dit het nie verskyn op die Rekeningstaat wat ontvang is nie.

[34]

VRAAG 3: VASTE BATES EN INTERNE KONTROLE**(62 punte; 60 minute)****RATIZA TRADERS**

Die volgende inligting het betrekking op die boeke van Ratiza Traders vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022. Die vennote is Oratile en Zama.

GEVRA:

- 3.1 Bereken die ontbrekende bedrae in die Vaste Bate Nota aangedui as (A) tot (G). (33)
- 3.2 Stel die Bateverkoperekening op in die Algemene Grootboek. (9)
- 3.3 Gee EEN voorstelling wat die interne ouditeur kan gebruik om te kyk of enige roerende bates gesteel is. (2)
- 3.4 Grond en geboue is vyf jaar gelede vir R5 000 000 gekoop. Die eiendomspryse het sedertdien met 20% gestyg. Vennoot Oratile het voorgestel dat die waarde van hierdie bate teen 'n hoër bedrag aangeteken word sodat die bykomende R1 000 000 as 'n wins in die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) weerspieël word. Vennoot Zama stem nie saam nie.
- Gee EEN rede waarom jy met vennoot Zama saamstem. Verwys na AARP beginsels in jou antwoord. (3)
- 3.5 Die vennote vermoed dat sommige van die bestuurders die besigheidsvoertuie vir hulle private doeleindes gebruik.
- 3.5.1 Verskaf TWEE punte om hul bekommernisse te regverdig. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. **Wenk:** Verwys na INLIGTING F. (8)
- 3.5.2 Noem TWEE punte van advies oor hoe die vennote beter beheer oor die gebruik van die besigheidsvoertuie kan uitoefen. (4)
- 3.6 Ses van die bestuurders is ontevrede met hul salarisverhoging en beplan 'n staking. Is hulle regverdig? Verduidelik. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (3)

INLIGTING:

- A. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 10% per jaar op die verminderende saldo-metode.
- B. 'n Nuwe voertuig is op 01 Desember 2021 aangekoop.
- C. 'n Uittreksel van die Vastebateregister ten opsigte van 'n voertuig wat gedurende die jaar verkoop is:

Ford Fiesta			
Datum gekoop: 01 Maart 2019			
Datum verkoop: 30 September 2021 (Kontant)			
Verkoopprijs: R81 348			
Waardevermindering metode: 10% p.j. (verminderende saldo)			
Datum	Kosprys	Waardevermindering	Drawaarde
29 Februarie 2020	R132 000	R13 200	R 118 800
28 Februarie 2021		???	???
30 September 2021		???	???

- D. Waardevermindering op toerusting word bereken op 15% per jaar op die kosprys metode.
- E. Uittreksel uit die Vaste Bate Nota op 28 Februarie 2022:

	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Boekwaarde op 01 Maart 2021		116 000	(A)
Kosprys	5 000 000	576 000	460 000
Opgehoopte waardevermindering		(460 000)	(396 750)
Beweging			
Toevoeging	650 000	(C)	0
Bateverkope	0	(E)	0
Waardevermindering		(D)	(F)
Boekwaarde op 28 Februarie 2022	(B)		
Kosprys		564 000	
Opgehoopte waardevermindering			(G)

F. Addisionele inliging met betrekking tot die vaste bates van die onderneming:

	28 Februarie 2022	01 Maart 2021
Afleweringervoertuie (kosprys)	R564 000	R576 000
Herstelwerk en onderhoud	R45 220	R32 300
Brandstof en olie	R114 100	R65 200
Salarisse van motorbestuurders	R408 240	R388 800
Verkope	R932 400	740 000

[62]

TOTAAL: 150

EINDE

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde Vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Krediet aankope of Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde Voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde Voorraad}}$	
Nie Bedryfslaste: Vennotebelang	Totale bates: Totale laste	